basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

| PUNTE | |
|---|---|

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2014**
**GRAAD 4 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**TOETS**

**PUNTE: 50**

**TYD: 1½ uur**

**PROVINSIE** ____________________________________________________

**STREEK** ____________________________________________________

**DISTRIK** ____________________________________________________

**NAAM VAN SKOOL** ______________________________________________

**EMISNOMMER (9 syfers)**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |

**KLAS (bv. 4A)** _____________________________________________

**VAN** _______________________________________________________

**NAAM** ______________________________________________________

**GESLAG (✓)**

| SEUN | | DOGTER | |
|---|---|---|---|

**GEBOORTEDATUM**

| C | C | Y | Y | M | M | D | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

**Hierdie toets bestaan uit 15 bladsye, die voorblad uitgesluit.**

| **Instruksies aan die leerder** |
|---|
| 1. Lees al die instruksies noukeurig deur.<br>2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.<br>3. Die toets duur 1½ uur.<br>4. Die onderwyser(es) sal jou deur die oefenvoorbeelde lei voordat jy met die toets begin.<br>5. Skryf netjies en leesbaar. |

**Oefenvoorbeelde**

**Voorbeeld 1**

Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Kool is `n ....

A vrug.

B groente.

C wortel.

D bessie.

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy (B) omkring het.

**Voorbeeld 2**

Skryf die korrekte antwoord in die spasie.

Johan is 'n seun en Marie is `n________.

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy die woord "dogter" ingevul het.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

**AFDELING A: BEGRIPSTOETS**

Lees die leesstuk hieronder en beantwoord vrae 1–14.

# DAAGLIKSE NUUS

**20 Maart 2013**

## Skoolmeisies red seun se lewe

*Deur Silvia Hlongwane*

Twee 9-jarige skoolmeisies van Laerskool Greenway het gister `n 6-jarige seun gered wat uit `n boom geval het.

Brenda Smith en haar vriendin, Mandu Shabalala, was op pad huis toe na hulle noodhulpklas by Laerskool Greenway. Hulle het afgekom op die 6-jarige Bennie Basson, wat uit `n boom geval het waarin hy geklim het om vrugte te pluk. Die meisies het gehardloop om hom te help. Bennie het sy kop gestamp en was bewusteloos. Hy het ook sy arm gesny en kon hom doodgebloei het as die meisies nie sy bloeding gestop het nie. Die meisies het `n ambulans gebel en toe daarin geslaag om Bennie se bloeding te stop. Bennie was gelukkig dat die twee meisies op pad huis toe was na hulle noodhulpklas en dat hulle, hulle noodhulptasse by hulle gehad het. Hulle het ook handskoene gehad om hulleself te beskerm teen moontlike MIV-infeksie as gevolg van die hantering van `n ander persoon se bloed. Hulle het Bennie se wond verbind voordat die ambulans opgedaag het.

Mev. Twala, die skoolhoof, sal tydens saalopening op Vrydag, `n toekenning aan die twee meisies oorhandig.

Sluit aan by die Rooikruis. Gebruik jou plaaslike telefoongids om die nommer van jou provinsie te vind.




[Aangepas uit DBO werkboek]

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord vir vrae 1–4.

Wat is die naam van die koerant?

A Daaglikse Nuus

B Sondag Nuusblad

C Sowetan

D Beeld (1)

2. Die hoofopskrif van die koerant is ...

A Seun red skoolmeisies se lewe

B Skoolmeisies red seun se lewe

C Noue ontkoming van die dood

D `n Slegte dag by die skool (1)

3. Wie het die berig geskryf?

A Mev. Twala

B Sipho Dladla

C Silvia Hlongwane (1)

D Mandu Shabalala

4. Hoe het die meisies Bennie gered?

Die meisies ...

A het `n ambulans gebel en die bloeding gestop.

B het verby hom geloop en met mekaar gepraat.

C het die hoof, Mev. Twala, gebel.

D het gehardloop om Bennie by die skool te red. (1)

5. Dink jy Bennie was gelukkig dat die meisies naby was om hom te help? Gee `n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

6. Beantwoord die volgende vraag.

Waarom dink jy was dit belangrik vir die meisies om handskoene te dra?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

7. Skryf die korrekte spelling van die onderstreepte woord neer.

Die skoolhoof het die meisies met `n preis beloon. ____________________ (1)

8. Omkring die letter van die korrekte antwoord**.**

Watter les het jy uit hierdie koerantberig geleer?

A Kinders is in staat om mekaar se lewens te red.
B Noodhulpklasse word by die Hoërskool aangebied.
C Die skoolmeisies was op pad na die dansklas.
D Die skoolhoof het Bennie se wond verbind. (1)

9. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

`n Ambulans vervoer ...

A kinders na en van die skool.
B tronkvoëls na en van die tronk.
C pasiënte na en van die hospitaal.
D meubels na en van die winkel. (1)

10. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Hoe dink jy het Bennie gevoel toe die meisies hom gehelp het?

A hartseer

B gelukkig

C eensaam

D kwaad (1)

11. Voltooi die sin deur baie of meer in te vul.

Hoe ________ bloed het hy verloor? (1)

12. Onderstreep die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies.

Mev. Twala (gee/het gegee) `n prys aan die meisies. (1)

13. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Soek `n woord in die leesstuk wat dieselfde beteken as “om op iemand af te kom.”

A red

B pluk

C vind

D beskerm (1)

14. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd.

Bennie klim in die boom.

Gister (1)


______________________________________________________________

**Reaksie op teks**

Lees die onderstaande inligting oor noodhulp en beantwoord die vrae.

# Hoe om snye te behandel


- Stop die bloeding deur die wond hoër as die hart te hou.



- Maak die wond met `n verband toe.



- Moet nooit aan `n persoon se bloed raak nie.
- As jy iemand help wat `n oop wond het, moet jy altyd handskoene dra.



- Handskoene beskerm jou teen moontlike MIV-infeksie deur die hantering van `n ander persoon se bloed.
- As die wond diep is en aanhou bloei, moet jy `n dokter gaan sien.



Vertrou my, ek is 'n dokter

15. Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Die woord "wond" verwys na `n ...

A hart

B seerplek

C verband

D uniform (1)

16. Voltooi die sin.

Stop die bloeding deur ______________________________________________ . (1)

17. Beantwoord die volgende vraag.

Wat behoort `n mens te doen as die wond nie ophou bloei nie?

________________________________________________________________ (1)

18. Stem jy saam dat as jy iemand help wat `n oop wond het jy altyd handskoene moet dra?

Merk **(✓)** die korrekte antwoord. Gee `n rede vir jou antwoord.

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (2)

19. Skryf jou antwoord in die oop spasie.

Een hand, baie __________ (1)

20. Verbind die twee sinne deur "want" te gebruik.

Sy het die dokter gesien. Die wond het aangehou bloei.

Sy het die dokter gesien, want ____________________________________ (1)

21. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Vul die korrekte voorsetsel in.

Druk die verband ______ die wond. (1)


A van

B na

C op

D by (1)

22. Die onderstaande sinne sê vir ons hoe om `n konfyttoebroodjie te maak. Gebruik nommer 1–4 om die korrekte volgorde aan te dui. Gebruik die prentjies om jou te help.




1. Sny die toebroodjie in die helfte. Geniet dit. ________
2. Smeer konfyt op een van die snye brood. ________
3. Plaas die tweede sny brood op die eerste sny brood om `n toebroodjie te maak. ________
4. Smeer botter op twee snye brood. ________ (2)

**TOTAAL AFDELING A: 25**

## AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN - KONVENSIES

23. Gee die korrekte hoofletters en leestekens vir die volgende sin.

Waarom was bennie gelukkig

______________________________________________________________ (2)

24. Onderstreep die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies.

Die twee meisies het (onthou/geonthou) hoe om Bennie se wond te behandel. (1)

25. Omkring die letter van die sin met die korrekte aanhalingstekens.

A Mev. Twala het gesê: “mooi so meisies!

B Mev. Twala het gesê: mooi so meisies”

C Mev. Twala het gesê: “Mooi so meisies!”

D Mev. Twala het gesê: Mooi so meisies! (1)

26. Voltooi die sin.

Kies die korrekte voornaamwoord uit die onderstaande tabel. Skryf jou antwoord in die oop spasie.

| | | |
|---|---|---|
| hom | hy | sy |

Bennie het _____ kop gestamp. (1)

27. Omkring die letter van die korrekte byvoeglike naamwoord om die sin te voltooi.

Die meisies het ook ______ handskoene gebruik om hulleself te beskerm.

A skoon

B arm

C opwindende

D eerlike (1)

28. Onderstreep die korrekte voornaamwoord tussen hakies.

(Wie/Hoe) het vir Bennie gehelp? (1)

29. Skryf die volgende sin in die Toekomende Tyd oor:

Hulle het Bennie se wonde verbind.

Môre ________________________________________________________ (1)

30. Verander die woord tussen hakies om die regte vorm van die Verlede Tyd aan te dui.

Die seun het uit die boom (val). ____________________ (1)

31. Skryf die sin oor in die ontkennende vorm.

Die ambulans was vinnig.

________________________________________________________________ (1)

32. Omkring die letter van die korrekte antwoord**.**

Pas die afkorting by die korrekte betekenis.

Mnr. is `n afkorting vir …

A Meneer

B Minister

C Mejuffrou

D Mevrou

(1)

33. Plaas die korrekte voorvoegsel voor die woord "gelukkig" sodat dit die teenoorgestelde betekenis het. Kies uit die woordbank.

| | | |
|---|---|---|
| **mis-** | **ont-** | **on-** |

______ gelukkig (1)

34. Omkring die letter wat die bywoord in die sin aandui.

Bennie het stadig van die val herstel.

A Bennie

B stadig

C van

D val

(1)

35. Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae.

## Die Hane



Die bont haan groet die môrester,
Die weerklank kom van wyd en ver …

“Koe-ke-roe-koe,” kraai elke haan:
“Dis tyd, ou son, om op te staan.”

Die sonnetjie hóór die hane kraai .
Hy loer om die verste rant se draai
en hy hoor hoe die haan vir sy hennetjie sê:
“Die son moet maak net wat ek sê!”

*(Uit: Versies wat vonkel)*

35.1 Voltooi die volgende:

kraai rym met ______________ (1)

35.2 Hoe klink die geluid wat die haan maak?

__________________________ (1)

**TOTAAL AFDELING B: 15**

**AFDELING C: SKRYF**

36. Gebruik die onderstaande kopkaart om een paragraaf (6 sinne) oor jouself te skryf.
Onthou om aandag te gee aan jou spelling, taalgebruik en punktuasie.



(10)

| Puntetoekenning vir VRAAG 36 | | |
|---|---|---|
| **KRITERIA** | **Totaal** | **Leerder se punt** |
| 36.1 Korrekte getal sinne | 2 | |
| 36.2 Spelling en punktuasie | 2 | |
| 36.3 Sinskonstruksie en taalgebruik | 2 | |
| 36.4 Inhoud | 2 | |
| 36.5 Oorspronklikheid | 2 | |
| **TOTAAL** | **10** | |

**TOTAAL AFDELING C: 10**

**GROOTTOTAAL: 50**